# BID VIR DIE KONING

Psalm 72

**Voor Skriflesing**:
Psalm 72 is een van die **Koningspsalms**. Ander voorbeelde van koningspsalms is Psalm 2, 18, 20, 21, 45, 72, 101, 110 en 132. Hulle word so genoem vanweë hulle **fokus op die koning**. Hulle is moontlik **gesing tydens** die kroning van 'n nuwe koning.
Die Psalm self **suggereer** dat Dawid (vers 20) dit vir Salomo (vers 1) gedig het as 'n gebed by sy inhuldiging as koning. 'n Mens kan die psalm <u>opsom</u> deur te sê **dis 'n dringende gebed tot God dat Hy die koning sal help om 'n goeie koning te wees.**

LEES PSALM 72

AANSLUITING:
<u>Wens vir SA vir 2010</u>?
*Skerm - ? SJALOM*: Dit is die woord waarmee Jode mekaar **groet** wanneer hulle bymekaar kom en uitmekaar gaan. Dis eintlik 'n **wonderlike wens**! (sluit al julle wense in!) Dit word in vers 3 met *"vrede"* en in vers 7 met *"voorspoed"* vertaal. "Sjalom" beteken almal is *veilig*. Almal het *genoeg*. Daar is *lewensruimte* vir almal. Selfs die *skepping* is gelukkig!
**Wie smag nie na sjalom nie?!**
Hoewel hierdie vrede iets **van God** is, val dit nie sommer uit die lug nie. Dit beland nie sommer in 'n mens se **kerskous** nie! Die psalm maak dit duidelik dat die koning en sy onderdane 'n baie **belangrike bydrae** daartoe kan lewer.
Ons het wel **nie 'n koning** nie, maar daar is tog 'n owerheid oor ons. Wat kan ons uit hierdie psalm leer oor die **taak van die owerheid** en tweedens oor die **taak van Christen onderdane** sodat daar vrede kan wees? Eerstens:

1. DIE TAAK VAN DIE KONING

<u>Ons het gewoonlik baie hieroor te sê</u>! Voordat ek met die voorbereiding van hierdie preek begin het, was **Freek Robinson** en sy paneel oor die radio besig om Pres Zuma en sy kabinet te evalueer. Die vraag was: Hoe het hulle tot dusver gevaar sedert hulle in 2009 aan bewind gekom het?
<u>Wat sê hierdie psalm oor die taak van die koning</u>?
Eerstens moet die koning besef dat hy ook 'n **amptenaar** is. In 'n **demokrasie** is hy amptenaar *van die volk*. Maar hierdie psalm praat in vs 2 van die volk as *"u volk",* maw dit is **God se volk**. Die volk behoort aan

God en die koning is uiteindelik 'n amptenaar *van God* wat *teenoor God verantwoordelikheid* is oor hoe hy die volk regeer. God moet hom ***leer*** hoe om te regeer.
Luister net hoe klink vers 2 en 3 in Die Boodskap: *"O God, leer die koning om te regeer soos U dit wil hê. Wys hom hoe om reg op te tree. Laat hy altyd mense regverdig behandel."*
Hy moet so regeer dat sy regering gekenmerk word deur **reg en geregtigheid, want DIT is God se wil**. **Die Belydenis van Belhar** sluit hierby aan as dit bely:

> *4. Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is ...*

In vers 3 tot 8 word gebid dat die koning so moet regeer dat **selfs die natuur** daaroor bly sal wees! Hy moet **verdruktes beskerm; armes help** en verdrukkers verbrysel. Hy moet vir sy mense wees **soos die reën vir die plante!**
Vir vandag kan ons sê daar moet **geregtigheid** wees wanneer dit bv. kom by *misdaad en geweld, korrupsie, eiendomsreg, herverdeling van grond, regstellende aksie, dienslewering, belasting, rassisme en diskriminasie*. Ons sal waarskynlik van mekaar verskil oor HOE hierdie sake bestuur moet word *sodat* reg en geregtigheid kan geskied. Dis waarom dit gebeur dat christene aan *verskillende politieke partye* behoort. Maar waaroor ons almal behoort saam te stem, is dat daar vir die owerheid **gebid** moet word, waarskynlik meer as wat ons doen – en dit bring ons by die volgende punt:

2. DIE TAAK VAN CHRISTEN ONDERDANE

Hieroor praat ons gewoonlik nie so baie nie. Ek wonder hoedat ons sou vaar as Freek en Kie ONS bydrae moes evalueer vir die afgelope jaar. Het ons ONS KANT gebring? Ons **begeer almal** dat daar vrede, sjalom sal wees, maar **doen ons ons deel?**
Wat IS ons deel? Ons lees meer oor die plig van die onderdaan in Markus 12 en Rom 13, maar ons bepaal ons vandag net tot hierdie psalm. Het u **opgelet** wat sê Ps 72 vir Christene wat burgers van 'n land is?
BID vir die koning!
Die hele psalm *is 'n gebed* vir die koning. In vers 15 is die versoek spesifiek: *"mag die mense gedurig vir hom (die koning) bid"*.
Wat moet ons vir hulle bid? Vers 1 gee die antwoord: *"Leer tog die koning, o God, om te regeer volgens U wil!"* Ons moet vra dat God die

owerheidspersone sal help om **goeie wette** te maak en om dit **goed toe te pas.** Hy moet hulle **oë open** om Sy wil te kan *sien en verstaan*.
Omdat reg en geregtigheid teenoor almal vir God van die hoogste belang is, moet dit vir die koning as sy verteenwoordiger en vir ons almal as sy beelddraers van opperste belang wees! *Daarsonder* sal daar nie ware vrede kan wees nie. Wie vrede *begeer* en hom/haar daarvoor wil *beywer*, kan nie anders as om jou ook vir reg en regverdigheid teenoor almal te *beywer* nie.

3. DIE LOF KOM GOD TOE

Die psalm **begin** met 'n **dringende gebed vir die koning** en **eindig met 'n lofbede tot God**: (lees vers 18,19).
Ons kan sê Ps 72 is 'n gebed *vir* die koning *tot* die Koning *agter* die koning. Alles wat die digter vir die koning vra, is gemik op **die diens en die eer van God**, die Koning agter die koning. Dit **gaan nie maar net** om die koning en die volk sodat dit met *hulle* goed sal gaan nie, maar dat die situasie in die land van so 'n aard sal wees dat God **vryelik gedien en ge-eer** kan word.
Luister weer na vers 4: (lees).
Dit herinner 'n mens aan 1 Tim 2:1 en 2 (lees).

SLOT
Kyk ons na die taak van die owerheid soos wat dit in hierdie psalm uitgespel word, is dit sekerlik **maklik** om ons owerhede te kritiseer omdat hulle so ver te kort skiet. Dit is maklik om die regering se foute en tekortkominge uit te wys. Dit is sekerlik ook **nodig** dat daar ***"waghonde"*** moet wees, solank die kritiek net gebalanseerd, opbouend en regverdig is. Dis veral die taak van die opposisie en die media.
Die opdrag aan ONS is: **Ons moet vir die owerhede bid**. Kom ons maak vanjaar seker dat ons aan ONS opdrag gehoorsaam is.

In one region of Africa, the first converts to Christianity were very diligent about praying. In fact, the believers each had their own special place outside the village where they went to pray in solitude. The villagers reached these "prayer rooms" by using their own private footpaths through the brush. When grass began to grow over one of these trails, it was evident that the person to whom it belonged, was not praying very much.
Because these new Christians were concerned for each other's spiritual welfare, a unique custom sprang up. When ever anyone noticed an overgrown "Prayer path," he or she would go to the person and lovingly warn, "Friend, there's grass on your path!"

Laat ons ook seker maak dat ons gebedspaadjies nie toegroei nie!

Amen
3/1/10

Here gee ons vrede
Leer die leiers van ons land om reg te handhaaf
Leer ons regters om regverdige beslissings te maak
Maak hierdie ’n land waarin daar reg geskied aan verdruktes
Maak hierdie ’n land waarin armes beskerm word

Here gee ons vrede
Leer ons om solank as wat die son en maan daar is, U te dien
Here maak hierdie ’n land waar reg floreer
en waar daar oorvloed is

Here gee ons vrede
van see tot see
Here, maak hierdie ’n land waar armes
nie om hulp roep,
en swakkes nie hulpeloos is nie
waar elke lewe kosbaar is
Here, maak hierdie ’n land waar daar volop graan is
Selfs bo-op die bergtoppe
En waar die oes welig en geil groei,
Selfs waar ons nie gesaai het nie

Here, gee ons vrede
U is die Koning agter alle konings wat ons ken
Amen ja amen